higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SERTIFIKAAT

# TOERISTEBESTEMMINGS N5

(22030115)

**8 Oktober 2020 (X-vraestel)**
**09:00–12:00**

**OOPBOEKEKSAMEN**

**Kandidate word toegelaat om studenteportefeuljes, aantekeninge en werkopdragte/projekte, voorgeskrewe handboek(e), 'n atlas, kaarte, reisgidse, brosjures en 'n GSA by die eksamenlokaal in te neem.**

**Hierdie vraestel bestaan uit 14 bladsye en twee addendums van 7 bladsye.**

208Q1B2008

Kopiereg voorbehou

# DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
# REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
TOERISTEBESTEMMINGS N5
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

---

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Lees al die vrae aandagtig deur voordat jy begin om die vrae van jou keuse te beantwoord.

2. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.

3. Begin elke afdeling op 'n nuwe bladsy.

4. Gebruik slegs 'n pen met blou of swart ink.

5. Die vraestel bestaan uit TWEE afdelings: AFDELING A en AFDELING B.

6. Al die vrae in AFDELING A is VERPLIGTEND en tel altesame 40 punte. VRAAG 1 behels KAARTWERK (ADDENDUM A).

7. AFDELING B bestaan uit VYF vrae, waarvan jy enige VIER vir 'n totaal van 160 punte moet beantwoord.

8. VRAAG 2 (NAMIBIË – ADDENDUM B) en VRAAG 3 (INDIESE OSEAAN-EILANDE) is VERPLIGTEND.

9. Kies TWEE ander vrae uit VRAAG 4, 5 en 6.

10. VRAAG 4
    AFRIKA-AFDELING: Kies EEN (Marokko – Addendum C, OF Mosambiek, OF Botswana).
    AFDELING OOR EILANDE IN DIE INDIESE OSEAAN: Madagaskar (Addendum D)

11. VRAAG 5
    AFRIKA-AFDELING: Kies EEN (Zimbabwe, OF Uganda, OF Malawi).
    AFDELING OOR EILANDE IN DIE INDIESE OSEAAN: Mauritius

12. VRAAG 6
    AFRIKA-AFDELING: Kies EEN (Zambië, OF Kenia, OF Tanzanië).
    AFDELING OOR EILANDE IN DIE INDIESE OSEAAN: Kies EEN (Seychelle OF Réunion).

13. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou 

## AFDELING A

Al die vrae in hierdie afdeling is VERPLIGTEND.

### VRAAG 1

Raadpleeg 'n kaart van Afrika in jou World Travel Atlas of in jou eie hulpbronne. Identifiseer elkeen van die landmerke/hoofstede/lande. Skryf slegs die vraagnommer en antwoord in die ANTWOORDBOEK neer, byvoorbeeld 1.25 Italië.

1.1 Noem die land wat suid van Angola geleë is. (2)

1.2 Noem die land wat deur ander lande omring word en oos van Botswana geleë is. (2)

1.3 Noem die land waarvan Kampala die hoofstad is. Dit is oos van die Demokratiese Republiek van die Kongo geleë. (2)

1.4 Noem die land waarin die Malawi-meer voorkom. Dit is oos van Zambië geleë. (2)

1.5 Noem die eiland in die Indiese Oseaan wat die VIERDE grootste eiland ter wêreld is. Dit is oos van Mosambiek geleë. (2)

1.6 Noem die land wat suid van Etiopië en wes van Somalië geleë is. (2)

1.7 1.7.1 Noem die BREEDTEKRING wat deur Namibië, Botswana, Suid-Afrika en Mosambiek loop. (1)

1.7.2 Noem die BREEDTEKRING wat deur Kenia, die Demokratiese Republiek van die Kongo, die Kongo en Gaboen loop. (1)

1.8 Noem die BINNEDELTA wat in Botswana voorkom. (2)

1.9 Noem die TWEE woestyne wat in Namibië aangetref word. (2)

1.10 Noem die hoogste berg wat in Afrika voorkom. (2)

1.11 In watter land word die hoogste berg in Afrika aangetref? (2)

1.12 Noem die meer wat tussen Zimbabwe en Zambië geleë is. (2)

1.13 Noem die grootste meer in Afrika. (2)

1.14 Noem die eilandgroep wat tussen Mosambiek en Madagaskar geleë is. (2)

1.15 Noem die TWEEDE hoogste berg in Afrika. (2)

1.16 Noem die hoofstad van Marokko. (2)

1.17 Noem die hoofstad van Mauritius. (2)

1.18 Noem die hoofstad van Réunion. (2)

Kopiereg voorbehou 

1.19 Noem die hoofstad van Mosambiek. (2)

1.20 Noem die hoofstad van Botswana. (2)
**[40]**

**TOTAAL AFDELING A: 40**

## AFDELING B

Beantwoord enige VIER van die vyf vrae in hierdie afdeling. VRAAG 2 en VRAAG 3 is VERPLIGTEND.

## VRAAG 2 (VERPLIGTEND): NAMIBIË

Raadpleeg ADDENDUM A asook jou eie hulpbronne om die volgende vrae te beantwoord:

2.1 Hoe lank duur hierdie toer (dae en nagte)? (1)

2.2 Watter soort verblyf word vir die duur van die toer voorsien? (1)

2.3 Die toer kos R12 250 per volwassene, BTW uitgesluit. Wat is die heersende persentasie BTW wat bygevoeg sal word? (1)

2.4 Bereken hoeveel dit sal kos om 'n kind onder 10 jaar oud op hierdie toer saam te neem. (1)

2.5 Wat is die toeroperateur se e-posadres? (1)

2.6 Die toeriste gaan self bestuur. Noem die soort voertuig wat daarvoor nodig is. (1)

2.7 Noem TWEE dinge wat van die toerprys uitgesluit is. (2)

2.8 Die toer begin in die 'geskiedkundige dorp, Swakopmund'. Noem TWEE geskiedkundige besienswaardighede/geboue in Swakopmund. (2)

2.9 Daar word van Swakopmund gepraat as die 'avontuurhoofstad'. Noem TWEE soorte avontuuraktiwiteite waaruit toeriste kan kies. (2)

2.10 Op dag 3 besoek die toeriste Seal Point, waar hulle die Kaapse pelsrobbe kan besigtig. Wie het die kruis by Seal Point opgerig? (1)

2.11 Die Brandberg word op dag 4 besoek. Wat is die hoogte van hierdie berg bo seespieël? (1)

2.12 Beskryf wie of wat die beroemde 'Wit vrou' van die Brandberg is. (2)

2.13 Noem die natuurbesienswaardigheid wat die toeriste naby die Verbrande Berg kan besigtig. (1)

2.14 Noem en beskryf kortliks die enigste UNESCO-wêrelderfenisterrein van Namibië wat op dag 5 besoek word. (1 + 2) (3)

Kopiereg voorbehou 

2.15 Op dag 7 besoek die toeriste die Skedelkus Nasionale Park. Waar kom die naam van hierdie Park vandaan? Haal uit die addendum aan. (2)

2.16 Beskryf die ligging van die Skedelkus Nasionale Park. (2)

2.17 Wat sluit die landskap van die Skedelkus Nasionale Park in? (3)

2.18 Noem DRIE skaars diere wat in die Skedelkus Nasionale Park gesien kan word. (3)

2.19 Noem DRIE diere wat heel dikwels in die Skedelkus Nasionale Park te siene is. (3)

2.20 Beskryf die Etoshapan. (4)

2.21 Noem DRIE soorte groot diere wat permanent om die Etoshapan bly. (3)
**[40]**

**VRAAG 3 (VERPLIGTEND): AFDELING OOR EILANDE IN DIE INDIESE OSEAAN**

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (3.1–3.20) in die ANTWOORDBOEK neer. Jou eie kaart kan nuttig gebruik word.

3.1 Die Aldabra-atol is 'n UNESCO-wêrelderfenisterrein wat in … voorkom.

A Mauritius
B Madagaskar
C Réunion
D Seychelle

3.2 Die groot Victoria Regia-waterlelies kan by die Pamplemousse- botaniese tuin in … aangetref word.

A Mauritius
B Madagascar
C Réunion
D Seychelle

3.3 Cirque de Salazie is in … geleë.

A Mauritius
B Madagaskar
C Réunion
D Seychelle

3.4 Madajazzcar is 'n fees wat in … gevier word.

A Mauritius
B Madagaskar
C Réunion
D Seychelle

3.5 Isalo Nasionale Park kom in … voor.

A Mauritius
B Madagaskar
C Réunion
D Seychelle

3.6 Sir Seewoosagur Ramgoolam Internasionale Lughawe is in … geleë.

A Mauritius
B Madagaskar
C Réunion
D Seychelle

3.7 Fête du Miel is 'n fees wat in … gevier word.

A Mauritius
B Madagaskar
C Réunion
D Seychelle

3.8 Die Swartrivier (Rivière Noire) is 'n natuurbesienswaardigheid wat in … aangetref word.

A Mauritius
B Madagaskar
C Réunion
D Seychelle

3.9 Antananarivo is die hoofstad van …

A Mauritius.
B Madagaskar.
C Réunion.
D Seychelle

3.10 Die Vallée de Mai-natuurreservaat, met die bekende Coco-de-Mer-palms, is 'n UNESCO-wêrelderfenisterrein wat in … aangetref word.

A Mauritius
B Madagaskar
C Réunion
D Seychelle

Kopiereg voorbehou

3.11 Hierdie eiland word deur Frankryk geadministreer:

A Mauritius
B Madagaskar
C Réunion
D Seychelle

3.12 St Denis is die hoofstad van …

A Mauritius.
B Madagaskar.
C Réunion.
D Seychelle

3.13 Die Safiko-musiekfees word in … gevier.

A Mauritius
B Madagaskar
C Réunion
D Seychelle

3.14 Rodriques is afkomstig van …

A Mauritius.
B Madagaskar.
C Réunion.
D Seychelle

3.15 Nosy Be is 'n gewilde toeriste-eiland 'n entjie weg van die kus van …

A Mauritius.
B Madagaskar.
C Réunion.
D Seychelle

3.16 Die Piton des Neiges is die hoogste punt op hierdie eiland:

A Mauritius
B Madagaskar
C Réunion
D Seychelle

3.17 Die Subios-fees van die See kan in … gevier word.

A Mauritius
B Madagaskar
C Réunion
D Seychelle

Kopiereg voorbehou

3.18 Die Roland Garros-lughawe word in … aangetref.

A Mauritius
B Madagaskar
C Réunion
D Seychelle

3.19 'n Lemur is 'n dier wat in … voorkom.

A Mauritius
B Madagaskar
C Réunion
D Seychelle

3.20 Die sewe soorte gekleurde grond ('coloured earths') van Charamel kom in … voor.

A Mauritius
B Madagaskar
C Réunion
D Seychelle

(20 × 2) **[40]**

**VRAAG 4**

AFRIKA-AFDELING: Kies EEN van die volgende lande: Mosambiek OF Botswana. Skryf die land van jou keuse bo-aan die volgende bladsy. Hou die nommering soos dit in die vraestel voorkom.

4.1 MOSAMBIEK

4.1.1 Watter geldeenheid word in Mosambiek gebruik? (1)

4.1.2 Noem die museum in Maputo waar jy die geskiedenis van die geldeenheid kan besigtig. (1)

4.1.3 Wie het die beroemde Polana Serena Hotel in Maputo ontwerp? (1)

4.1.4 Noem VIER van die kultuurbesienswaardighede wat in Maputo besigtig kan word. (4)

4.1.5 Noem die derde grootste stad in Mosambiek, wat die hoofhawestad is. (1)

4.1.6 Noem die provinsie waarin Beira voorkom. (1)

4.1.7 Noem die nasionale park wat die naaste aan Beira geleë is, waar jy die Gorongosa-berge kan sien. (1)

4.1.8 Noem en beskryf kortliks die aantrekkingskrag van die VIER eilande van die Bazaruto-eilandgroep. (4 × 2) (8)

4.1.9 In watter baai is die Inhaca-eiland geleë? (2)
**[20]**

**OF**

4.2 BOTSWANA

4.2.1 Beskryf die klimaatstoestande wat in Januarie in Botswana ervaar word. (2)

4.2.2 Noem VIER hoofprodukte wat in Botswana ontgin word. (4)

4.2.3 Noem die besigste grenspos van Suid-Afrika na Botswana. (2)

4.2.4 Noem VIER huurvlugmaatskappye wat in Botswana voorkom. Raadpleeg jou GSA. (4)

4.2.5 Gee die benaderde reistyd, in ure en minute, padlangs van Gaborone na Kasane. (2)

4.2.6 Beskryf DRIE dinge wat 'n toeris by die Matsieng Footprints, 'n kultuurerfenisterrein, noord van Rasesa, kan besigtig. (3 × 2) (6)
**[20]**

**EN**

4.3 AFDELING OOR EILANDE IN DIE INDIESE OSEAAN: MADAGASKAR
Raadpleeg ADDENDUM C: Madagaskar – die ongerepte eiland.

4.3.1 Hoe is Madagaskar gevorm? Haal uit die uittreksel aan wat gegee is. (2)

4.3.2 Wat was die eerste naam wat die Portugese in die 1500's aan Madagaskar gegee het? (1)

4.3.3 Noem die VIER verskillende kulture wat die 'smeltkroes' van mense uitmaak. (4)

4.3.4 Beskryf die ligging van Nosy Be-eiland. (1)

4.3.5 Beskryf waarom Nosy Be so 'n gewilde toeristebestemming is. (3)

4.3.6 Die skrywer praat van die ilang-ilang-plantasies. Waarvoor word hierdie plante gebruik? (2)

4.3.7 Een van die diere wat eie aan Madagaskar is, is die lemur. Beskryf wat 'n lemur is. (1)

4.3.8 Noem DRIE lemurspesies wat op Madagaskar gesien kan word. (3)

4.3.9 Waar kom die Kremetarlaan, wat op Madagaskar geleë is, voor? (1)

4.3.10 Noem TWEE soorte vis wat 'n mens kan probeer vang wanneer jy gaan hengel/diepseehengel onderneem. (2)
**[20]**

**VRAAG 5**

AFRIKA-AFDELING: Kies EEN: Zimbabwe OF Uganda OF Malawi.

5.1 ZIMBABWE

Kies 'n beskrywing uit KOLOM B om by 'n item in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–V) langs die vraagnommer (5.1.1–5.1.20) in die ANTWOORDBOEK neer.

| | **KOLOM A** | | **KOLOM B** |
|---|---|---|---|
| 5.1.1 | Chiveromeer-ontspanningspark | A | derde grootste stad |
| 5.1.2 | Victoria-waterval | B | Matobo Nasionale Park |
| 5.1.3 | Heldedag | C | SA ambassade |
| 5.1.4 | Skakelkode | D | 11 Augustus |
| 5.1.5 | Misty Mountain | E | 4 |
| 5.1.6 | Elcombestraat | F | Troutbeck Sun |
| 5.1.7 | Bulawayo | G | Ambula Safaris & Tours |
| 5.1.8 | Nyangani-berge | H | die hoogste punt |
| 5.1.9 | Heldeakker | I | 00263 |
| 5.1.10 | Mana-poele | J | grenspos |
| 5.1.11 | Grootste nasionale park | K | Chizarira Nasionale Park |
| 5.1.12 | Nyanga | L | Torwa-dinastie |
| 5.1.13 | Huisbote | M | Hwange |
| 5.1.14 | Die mees afgesonderde en moeilik bereikbare | N | Shona |
| 5.1.15 | Khami-ruïnes | O | Harare |
| 5.1.16 | Taal | P | Karibameer |
| 5.1.17 | Plumtree | Q | die tweede grootste stad |
| 5.1.18 | Groot Zimbabwe Nasionale Monument | R | Bvumba |
| 5.1.19 | Helikopterhuurvlug | S | 12 Augustus |
| 5.1.20 | Cecil John Rhodes se graf | T | Elephant Hills Resort Hotel |
| | | U | Masvingo |
| | | V | Mcllwaine-meer (nou Chivero-meer) |

(20 × 1) (20)

Kopiereg voorbehou

**OF**

5.2 UGANDA

5.2.1 Noem die grootste wildreservaat in die land. (1)

5.2.2 Gee 'n bondige oorsig oor die nasionale park wat in VRAAG 5.2.1 geïdentifiseer is en maak melding van die ligging, algemene aantrekkingskrag en besienswaardighede daarvan. (4)

5.2.3 Beskryf wat 'n besoek aan die Kabaka-grafkelder sal behels. (4)

5.2.4 Watter soort dier kan in die Bwindi Ondeurdringbare Nasionale Park besigtig word? (1)

5.2.5 Beskryf die ligging van die Ssese-eilande in besonderhede. (3)

5.2.6 Noem VIER van die kratermere wat naby Fort Portal aangetref word. (4)

5.2.7 Noem die openbare vakansiedag in Junie. (1)

5.2.8 Gee die geldeenheid en geldeenheidskode van die land. (2)
**[20]**

**OF**

5.3 MALAWI

5.3.1 Beskryf die presiese ligging van Malawi deur na die naburige lande en natuurlike grense daarvan te verwys. (4)

5.3.2 Noem en gee kort redes vir 'n besoek aan VIER kultuurbesienswaardighede wat in Lilongwe voorkom. (4 × 2) (8)

5.3.3 Gee TWEE voorbeelde van tipiese soeweniers of geskenke wat 'n toeris in Malawi sou koop. (2)

5.3.4 Noem enige DRIE buitenshuise aktiwiteite in Malawi en meld ook waar 'n toeris aan hierdie aktiwiteite kan deelneem. (3 × 2) (6)
**[20]**

**EN**

5.4 AFDELING OOR EILANDE IN DIE INDIESE OSEAAN: Mauritius

5.4.1 Wat is die Trou aux Cerfs? (2)

5.4.2 Gee die afmetings van die antwoord in VRAAG 5.4.1 (d.w.s. die hoogte en diepte daarvan). (2)

5.4.3 Noem die dorp wat die naaste aan die Trou aux Cerfs geleë is. (2)

5.4.4 Wat is die Grand Bassin? (2)

5.4.5 Watter godsdiensgroep beskou die Grand Bassin as 'n heilige plek? (2)

5.4.6 Beskryf kortliks waarom die Grand Bassin vir hierdie groep heilig is. (4)

5.4.7 Tydens watter maand word die jaarlikse godsdienstige fees genaamd Maha Shivratri, wat hulde aan hul heer Shiva bring, gevier? (2)

5.4.8 Beskryf kortliks die Black River Gorges Nasionale Park. (2)

5.4.9 Beskryf die 'reënbooggrond van Chamarel'. (2)
**[20]**

## VRAAG 6

AFRIKA-AFDELING: Kies EEN van die volgende lande: Zambië OF Kenia OF Tanzanië.

6.1 ZAMBIË

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (6.1.1–6.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf. Korrigeer die stelling indien dit ONWAAR is.

6.1.1 Motoriste bestuur in Zambië aan die linkerkant van die pad.

6.1.2 Livingstone is die politieke kapitaal van Zambië.

6.1.3 Die geldeenheidskode van Zambië is ZMK.

6.1.4 Die gebied waarin koper- en kobaltmyne aangetref word, staan as die Kobaltgordel bekend.

6.1.5 Sinazongwe is 'n oorddorp wat aan die oewer van die Karibameer geleë is.

6.1.6 Die Kalambo-waterval is die tweede hoogste waterval in Afrika.

6.1.7 Die Kasanka Nasionale Park is aan die noordekant van die Bangweulu-vleiland geleë.

6.1.8 Die Spoorwegmuseum word in Livingstone aangetref.

6.1.9 Eenheidsdag word op 5 Julie gevier.

6.1.10 Die Caprivi-strook wat in Namibië geleë is, maak die noordoostelike grens van Zambië uit.

(10 × 2) (20)

**OF**

6.2 KENIA

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (6.1.1–6.1.10) in die ANTWOORDBOEK te skryf. Korrigeer die stelling indien dit ONWAAR is.

6.2.1 Motoriste in Kenia bestuur aan die linkerkant van die pad.

6.2.2 Nairobi is die politieke hoofstad van Kenia.

6.2.3 Die geldeenheid wat in Kenia gebruik word, is die Keniaanse sikkel.

6.2.4 Karen Blixen se huis is in Nairobi geleë.

6.2.5 Malindi is 'n kusdorpie waarby Bartolomeus Dias in 1498 aangedoen het.

6.2.6 Die Guru-waterval kom in die Amboseli Nasionale Park voor

6.2.7 Die Meru Nasionale Park is in suid-Kenia geleë.

6.2.8 Die Nasionale Museum kom in Mombasa voor.

6.2.9 Onafhanklikheidsdag word op 12 Desember gevier.

6.2.10 Somalië is die naburige land aan die ooste van Kenia.

(10 × 2) (20)

**OF**

6.3 TANZANIË

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (6.1.1–6.1.10) in die ANTWOORDBOEK te skryf. Korrigeer die stelling indien dit ONWAAR is.

6.3.1 Motoriste in Tanzanië bestuur aan die linkerkant van die pad.

6.3.2 Stad Dodoma is die sakehoofstad van Tanzanië.

6.3.3 Die geldeenheidskode van Tanzanië is TC.

6.3.4 Die Groot Skeurvallei strek van die Dooie See tot in Mosambiek.

6.3.5 Mwanza, die tweede grootste dorp in Tanzanië, is aan die kus van die Tanganjika-meer geleë.

6.3.6 Bagamoyo het bande met die slawehandel.

6.3.7 Die Jozani-woud is 'n wildreservaat vir die inheemse en bedreigde Zanzibarse rooi stomp-ape.

6.3.8 Die Meru-berge is 'n vulkaniese berg.

6.3.9 Onafhanklikheids- en Republiekdag word op 9 Desember gevier.

6.3.10 Die Sunshine-kus van Zanzibar is in die suide en weste geleë. (10 × 2) (20)

**EN**

6.4 AFDELING OOR EILANDE IN DIE INDIESE OSEAAN

Beantwoord al die volgende vrae oor EEN van die volgende lande: Seychelle OF Réunion. Skryf die land van jou keuse in HOOFLETTERS bo-aan die volgende skoon bladsy neer.

6.4.1 Noem TWEE tale wat in jou land van keuse gepraat word. (2)

6.4.2 Noem die hoofstad van daardie land. (1)

6.4.3 Beveel TWEE hotelle aan wat in die hoofstad van die land voorkom. Raadpleeg jou GSA. (2)

6.4.4 Noem DRIE toeristebesienswaardighede wat in die hoofstad besigtig kan word. (3)

6.4.5 Noem DRIE inkopie-artikels wat jy daar kan koop. (3)

6.4.6 Het Suid-Afrikaanse paspoorthouers 'n visum vir 'n kort vakansie in die land van jou keuse nodig? Raadpleeg jou GSA en beantwoord slegs JA of NEE. (1)

6.4.7 Noem die tydsone van die eiland van jou keuse. (1)

6.4.8 Dui die datum van die Onafhanklikheidsdag van die eiland van jou keuse aan. (1)

6.4.9 Gee TWEE voorbeelde van inheemse voëls wat op die eiland aangetref word. (2)

6.4.10 Noem EEN UNESCO-wêrelderfenisterrein wat op die eiland voorkom. (1)

6.4.11 Noem die hoogste punt op die eiland. (1)

6.4.12 Gee die volledige naam van die internasionale lughawe asook die IATA-kode daarvoor. (2)

**TOTAAL AFDELING B: 160**
**GROOTTOTAAL: 200**

Kopiereg voorbehou

## ADDENDUM A

**Skouspelagtige Namibië: Op avontuur langs die Skedelkus af en deur Damaraland en Etosha**

2018-05-04 08:55 – In vennootskap met Bhejane Adventures

'n Besoek aan Etosha, Damaraland en die Skedelkus is 'n belewenis wat die fynproewer van natuurskoon, atmosfeer en die ongewone nooit sal kan vergeet nie.

**Die avontuur**

Ons avontuur skop af in die geskiedkundige dorp, Swakopmund, in Namibië. Ons bring 'n volle dag in Swakopmund deur om van die vele avontuurbedrywighede wat aangebied word, te geniet. Van die adrenalienhoofstad ry ons noordwaarts na die skouspelagtige Brandberg, reis deur die verlate Skedelkus Nasionale Park, bring tyd in die rotswoestyn van Damaraland deur en eindig by die manjifieke Etosha Nasionale Park om die natuurlewe vier dae lank daar te besigtig.

Ons besoek die omstrede 'Wit vrou' van die Brandberg en die talryke ander rotsgraverings en -tekeninge wat deur die prehistoriese mense, wat eens in hierdie streek gebly het, agtergelaat is.

Ons ry noordwaarts vanaf Brandberg en kom by 'n plek uit, aan die kus van die Atlantiese Oseaan, wat aan die vroeë Portugese seevaarders as die 'sand uit die hel' bekend was. Hierdie plek word geassosieer met berugte skeepswrakke en verhale van matrose wat honderde kilometer deur hierdie dorre landskap geloop het op soek na kos en water.

Die Skedelkus Nasionale Park strek ongeveer 500 km van die Kunenerivier in die noorde tot by die Ugabrivier in die suide. Die landskap sluit sandduine, canyons en bergreekse in. Dit is redelik algemeen om springbokke, gemsbokke, hiënas en volstruise hier te sien, terwyl die Namibiese woestynolifante, swart renosters en leeus, wat selde gesien word, in die droë rivierbeddings aangetref kan word.

Diep binne-in die stamtrustgrond van Damaraland, wat een van die mees skilderagtige gebiede in Namibië is, maak prehistoriese waterlope met oop vlaktes en graslande, massiewe granietkoppies en veraf berge alles deel van Damaraland se landskap uit. Wildspesies in hierdie gebied sluit die woestynolifant, swart renoster, volstruis en springbok in, en die plaaslike gemeenskap verskaf begeleide renoster- en olifantspoorsnysafari's aan. Die opbrengste uit hierdie safari's word gebruik om hierdie unieke diere te bewaar.

Van Damaraland reis ons noordoos in die rigting van die Etosha Nasionale Park. 'n Enorme mineraalpan, waarvan die bodem omtrent 1 000 miljoen jaar gelede gevorm is, oorheers Etosha. Die pan het deesdae selde water in aangesien dit merendeels deur reëns gevoed word, maar met die hoë verdamping verdwyn die water vinnig.

Aan die walle van die meer is daar egter heelwat bome en gras, met etlike fonteine wat water voorsien aan die talryke diere en voëls wat permanent om die pan bly.

'n Besoek aan Etosha, Damaraland en die Skedelkus is 'n onvergeetlike ervaring wat

Kopiereg voorbehou Blaai om asseblief

slegs deur die 'dorsland' van die Kalahari en die Namib voorsien kan word.

Hier is die nodige inligting:
- Wanneer: 1 tot 12 September; 14 tot 25 September
- Waar: Namibië
- Wat: Avontuur wat oor 11 nagte/12 dae strek (verblyf in tente)
- Koste: R12 250 (BTW uitgesl.) per persoon (kinders onder 10 @ 50%)
- Kontak: Tel/Faks: 044 535 9033 of bookings@bhejane.com

**Die span**

Jou toerleier is 'n ervare natuurbewaarder en avontuurgids. Hy sal te alle tyd met jou in radiokontak wees en 'n oorvloed van biologiese, kultuur-, geskiedkundige en viertrekvoertuigkennis aan jou kan oordra.

Drie etes per dag word deur ons bedrewe bossjef in sy mobiele kombuis berei, met vars slaaie, potjiekos, braaie en vele ander verrassings wat op die spyskaart sal verskyn. Die goeie ou koffiepot sal van ses tot laat op die vuur staan en prut.

Ons logistieke bemanning slaan die tente op en af by al die oornagplekke wat ons besoek. Die tente en tafels word deur Bhejane Adventures verskaf.

Die roete waarop ons gaan ry, is by tye moeilik. Ons toere is egter nie ontwerp om 'voertuigbrekers' te wees nie; indien jy enige probleme ondervind, beskik die Bhejane-bemanning oor die kundigheid en toerusting om enige probleme op die pad te hanteer of jou voertuig uit die bosse terug op die pad te kry.

Al is ons boskampe ongekunsteld en interessant sal jy te alle tye veilig wees, en die bemanning sal baie moeite doen om jou gemaklik te hou, jou van goeie, voedsame kos te voorsien en, die belangrikste van alles, toe te sien dat jy 'n baie genotvolle tydjie het.

Wat Bhejane Adventures alles verskaf:

- Al die kampgelde
- Al die parktoegangsgelde
- Al die geadverteerde aktiwiteite
- Alle tente, eetgerei en breekgoed
- Drie etes per dag
- Tee en koffie van 6-uur tot laat terwyl almal in die kamp is
- Professionele gidse en toerleiers
- Tweerigtingradiokommunikasie

Wat jy moet bring:

- Jou voertuig en brandstof
- Jou eie beddegoed (matrasse en/of kampbed en slaapsakke en kussings)
- Jou eie opvoustoele

Kopiereg voorbehou 

- Jou eie drankies en versnaperinge terwyl jy reis
- Jou eie buitelandse/mediesenood- en ontruimingsversekeringsdekking
- Jou eie grensoorsteekgelde en padbelastings

**Jou 12-daagse reisplan**

Dag 1:
Die groep ontmoet die middag by die Alte Brucke-kampeerterrein in Swakopmund, waar die span wag om julle te verwelkom. Ons verblyf vir die aand is in tente. Sodra almal ingeburger is, gaan ons saam aandete om die vuur geniet, en jul gids gaan hierdie geleentheid gebruik om te praat oor dit wat julle oor die volgende twaalf dae kan verwag om te sien en te doen.

Dag 2:
Ons verken vandag die hele Swakopmund. Daar kan uit 'n aantal aktiwiteite gekies word, insluitende valduik en sandplankry, dolfyn- en walvisbesigtiging, en die gunsteling van alle aktiwiteite, kwadfietsry in die woestyn. Jou toerleier sal al die toepaslike inligting aan jou voorsien en die nodige reëlings tref. (Let wel: Jy dra die koste van enige bykomende aktiwiteite.) Aangesien ons aan die kus uitkamp, berei ons sjef vars vis vir aandete.

Dag 3:
Ná 'n ontspanne ontbyt verlaat ons Swakopmund en reis via Seal Point, waar die Kaapse pelsrobkolonie aangetref word en ons onderweg na die Brandbergstreek 'n piekniekmiddagete geniet. Wanneer ons die Dorob Nasionale Park binnery, reis ons op paaie wat van gips en soutwater gebou is voordat ons by die kamp aankom, waar die bemanning gereed staan vir ons en die potte reeds op die vuur staan en prut.

Dag 4:
Ná 'n vroeë ontbyt gaan ons op 'n begeleide stap met die Brandberg op om die beroemde 'Wit vrou' en die talryke ander boesmantekeninge, wat in hierdie heilige canyon besigtig kan word, te besoek. Op pad soontoe nuttig ons 'n piekniekmiddagete.

Ons keer na ons kamp toe terug en bring die middag rustig langs die swembad deur. Laat middag ry ons in ons voertuie na die voet van 'n reusekoppie, waar ons 'n skouspelagtige sonsondergang kan besigtig terwyl ons skemerdrankies geniet.

Dag 5:
Ons laat die Brandbergstreek agter ons en reis noordwaarts om imposante geologiese en argeologiese landmerke te besoek. Ons besoek die nabygeleë Verbrande Berg met sy grieselrige verbrande hopies vulkaanpuin en die bisarre vulkaanrotsformasies wat as Orrelpype bekendstaan. Ons kry ook die geleentheid om die seldsame Welwitchia-plante van nader te beskou.

Ons lê besoek af by Twyfelfontein wat bekend is om sy prehistoriese tekeninge en rotsgraverings asook die Versteende Woud met die 30 meter lange versteende boomstompe wat deur 'n prehistoriese oorstromings afgeset is.

Damaraland beslaan ruweg die gebied van Swakopmund tot en met Sesfontein en, in die binneland, van die kus tot by Omaruru en Outjo. Dit is een van Namibië se mees

Kopiereg voorbehou 

skilderagtige gebiede, met berge net waar jy kyk, versteende woude en orrelpype asook wildspesies soos die woestynolifant, swart renoster, volstruis en springbok – wat almal in die droë rivierbeddings bly.

Ons ry op 'n grondpad deur 'n streek wat deur klein koppies en halfwoestynbosse gekenmerk word na Palmwag wat tussen die rooi heuwels in die hart van Damaraland geleë is.

Weer eens, met ons aankoms by die kampeerterrein, staan die Bhejane-bemanning gereed met ons tente en is die potte reeds aan die kook.

Dag 6:
Damaraland, en alles wat hierdie pragtige streek bied, verseker dat jy van sonsopkoms tot sonsondergang 'n vol dag voor jou het.

Ons ry deur die Torra-bewaringsgebied en volg die loop van die droë rivierbeddings van die Huab- en Uniabrivier, waar ons hoop om die manjifieke woestynaangepaste diere skrams te sien. As die geluk aan ons kant is, kry ons dalk die ontwykende woestynolifant en swart renoster te sien. Sodra ons by die kamp terugkom, hervul ons ons voertuie met brandstof.

Dag 7:
Ons reis weswaarts na die formidabele kusgebied met sy mistigheid en kragtige seestrome en ry 'n landskap van kaal gruisvlaktes en geen reëns binne. Ons reis is na die Skedelkus Nasionale Park, waar ons Torrabaai besoek en na die Uniab-waterval loop. Daar geniet ons middagete op die strand voordat ons ooswaarts terugry na Palmwag.

Dag 8:
Ons verlaat Palmwag en Damaraland oor die Grootbergpas en reis dan voort na Kamanjab en Outjo, waar ons brandstof ingooi en by 'n groot supermark inkopies doen. Dan is ons op pad na Etosha! Die Bhejane-bemanning staan weer daar en wag om ons te welkom te heet.

Ons verlaat die kamp laat middag om ons wildsbesigtigingsvaardighede op die proef te stel, óf by 'n watergat óf op 'n rit om die rand van die pan. Terug in die kamp bestee ons die res van die aand daaraan om die nagtelike aktiwiteite by die goed beligte watergat in die kamp dop te hou.

Dag 9:
Ons word vroeg wakker en sit aan vir nog 'n stywe ontbyt terwyl die son oor Etosha opkom.

Ons kan die oggend sit en wag dat die aksie na ons toe kom terwyl ons gerieflik in die skaduwee van die beroemde Ombika-watergat geparkeer staan, of ons kan op die Park se uitstekende paaie rondry en wild besigtig.

Gaan ons wild sien? Natuurlik gaan ons! Die Park het 'n buitengewone voëllewe met 325 geïdentifiseerde spesies en die diere wat permanent om die pan bly, kom neer op ongeveer 30 000 blouwildebeeste, 25 000 springbokke, 23 000 sebras, 5 000 koedoes, 3 000 hartebeeste, 2 600 elande, 3 000 gemsbokke, 450 kameelperde, 2 000 olifante, 260 leeus, 200 swart renosters en talle kleiner diere.

Ons keer vir middagete na die kamp toe terug en bring vroegmiddag tyd langs die swembad deur of besigtig van die ander besienswaardighede wat die kamp bied. Ons besoek die aand die fabelagtige Sprokieswoud, 'n seldsame plaaslike woud vol Moringa ovalifolia-bome en besigtig wild op pad soontoe.

Terug by die kamp, en nadat ons nog een van ons sjef se kookverrassings verorber het, bestee ons weer die res van die aand daaraan om die nagtelike aktiwiteite by die beligte watergat dop te hou.

Dag 10 en 11:
Hierdie twee dae is ons laaste vol dae op die toer en, aangesien Etosha so uitgestrek is, het almal nou kans om wild op hul eie te gaan besigtig. Teen hierdie tyd weet jy al watter deel van die Park jou gunstelingplek is en waar jy al die meeste diere gesien het.

Die Bhejane-gids is altyd byderhand met raad en, soos op die ander wildsbesigtigingsdae, sal die spysenierspan graag 'n gepakte piekniekmiddagete voorsien aan diegene van julle wat die dag lank uit gaan wees.

Sodra ons daardie aand in die kamp terug is, geniet ons 'n genotvolle aandjie om die kampvuur saam en herleef die opwindende gebeure van die dag. Die 'naguile' kan die beligte watergat vir oulaas gaan besoek.

Dag 12:
Ná 'n gul ontbyt sê ons ongelukkig totsiens aan ons nuwe vriende en reisgenote terwyl ons oppak en terugkeer huis toe.

[Bron: https://www.traveller24.com/Explore/Bush/spectacular-namibia-adventuring-along-damaraland-skeleton-coast-and-etosha-20180504]

**ADDENDUM B**

**Madagaskar – die ongerepte eiland**

2016-11-06 06:00 – Kate Turkington

As die Maldives die bedorwe prinses, Mauritius die elegante 'mademoiselle' en Seychelle die Engelse dame van die eilande in die Indiese Oseaan is, dan is Madagaskar die avontuurlustige sigeunerin.

Madagaskar het 'n rampspoedige ontstaan gehad toe intense plaattektoniek die vasteland van Gondwana omtrent 160 miljoen jaar gelede opgebreek het en Madagaskar sy stadige dryfvaart suidooswaarts, weg van die kus van Afrika, begin het om die weeskind te word wat tussen Indië en Afrika gestrand is.

Dit is die vierde grootste eiland ter wêreld (ná Groenland, Nieu-Guinee en Borneo) asook die oudste, maar alhoewel mense al so vroeg soos die 7de eeu daarop begin woon het, het Madagaskar eers, toe die onverskrokke Portugese in die 1500's daar aandoen en dit Ĩle Saint Laurent noem, aan die breër wêreld bekend geword.

Vanweë die aanloklike afgesonderdheid daarvan bly Madagaskar 'n soort parallelle heelal, waar diere, voëls, insekte en reptiele in skouspelagtige landskappe floreer. Dit verstom mens om te dink dat 80% van die spesies wat daar voorkom, nêrens anders op die aarde aangetref word nie.

**Vanila Hotel en Lemuria Land**

Ek het twee nagte lank op die noordwestelike eiland, Nosy Be, een van Madagaskar se toptoeristebestemmings, gebly in die smaakvolle Vanila Hotel wat Franse elegansie met Madagassiese ongeërgde sjarme kombineer. Dit is aan 'n strand met poeiersand geleë, en die kamers is lugtig en ruim. Daarby is daar drie lieflike swembaddens, welige tuine en 'n wonderlike restaurant.

Die bevolking is 'n smeltkroes van kulture uit Asië, Afrika, Europa en inheemse volke en almal is baie godsdienstig.

Die Vanila Hotel is in vennootskap met Nosy Be Original, 'n ekskursiemaatskappy wat uitstappies oor die hele eiland aanbied, van perdry, kwadfietsry en gholf tot strandpieknieks en reise na ander eilande in die eilandgroep.

Een van die hoogtepunte van my reis (en ek verseker jou, dit sal een van joune ook wees) was my besoek aan Lemuria Land, die tuiste van Madagaskar se unieke fauna en flora. Claudio, my toergids, het die ilang-ilang-plantasies vir my gaan wys, waar die jasmynagtige blomme geoes word om eteriese olie te maak wat in aromaterapie en parfuum soos Chanel N° 5 gebruik word. Ek word herinner daaraan dat Madagaskar een van die armste lande ter wêreld is toe ek 'n jong vrou sien wat 5 kg-sakke vol van die blomme teen omtrent R8 per sak aan die distilleerdery aldaar verkoop.

Maar toe sien ons die lemurs – ag, die lemurs! Hulle is die rede dat baie mense Madagaskar toe kom – sulke sagmoedige, pragtige dierasies met donssagte pels en syhandjies en voetjies. En, soos sovele ander besoekers, is ek dadelik op hulle verlief.

**Constance Tsarabanjina-eiland**

Die kleine Constance Tsarabanjina-eiland van 35 hektaar is so te sê 70 km van Nosy Be af en dit duur 'n uur lank om per boot daar te kom. Dit is 'n private eiland en bestaan uit 25 grasdakhouthuthuise en daar is ook 'n kroeg en restaurant op die strand. Dit is omring deur skitterende koraalriwwe, miljoene tropiese vissies, baljarende karetseeskilpaaie en eindelose vergesigte van die Indiese Oseaan – dit is nou kaalvoetluuksheid op steroïede! Jy slaap in een van die huthuisies wat op die Indiese Oseaan uitkyk en word tot in droomland gesus deur die golwe wat onder 'n glinsterende maan en miljarde sterre op die strand breek.

Die drag is so informeel hier dat jy net 'n paar swembroeke en kortbroeke, enkele ligte katoenhemde, 'n sonhoed en plakkies nodig het. Omdat die eiland so afgesonder is, gebruik die talentvolle sjefs by Tsarabanjina soveel plaaslike produkte moontlik. Die vissermanne bring daagliks hul vangs in en dit wissel van emmersvol garnale en krewe tot groot visse soos koningsvis, capitaines en snappers. Jy kan self probeer om rustig in 'n boot saam met gawe bemanningslede met 'n handvislyn te hengel of jy kan diepseehengel onderneem as jy daarvan hou om met 'n vegtende tunavis of 'n barrakuda te worstel.

**'n Skouspelagtige duik**

Wanneer jy gaan snorkel, óf by die strand óf van 'n boot af, kan jy verwag om van die wêreld se skitterendste seelewe te sien, insluitende die Picasso-snellervis, pers vlindervis, moorse afgod, karetseeskilpad, mantarog, en seekatte. Selfs as jy nog nooit vantevore gesnorkel het nie, is dit maklik om in hierdie kalm waters te leer. Die duikery is selfs meer aanskoulik en die duikers is van oraloor in die wêreld afkomstig om die onberispelike riwwe in hierdie beskermde seegebied van nader te verken.

Loop strand af na 'n klein grasdakhut op die rotse en geniet 'n masseersessie; gaan stap om die eiland (dit duur net 'n uur lank); gaan kyk voëls op Fish Eagle-eiland en ander rotsagtige eilandjies; lê besoek af by die Ankarea-woestyneiland met sy eiesoortige Madagassiese kremetartbome; wandel rond in 'n vissersdorpie; of wees deel van die vrylating van seeskilpaaie.

Babaseeskilpadjies wat nie die uitbroeiproses gemaak het nie, word opgetel en deur Elena, Tsarabanjina se assistent-bestuurder, wat ook 'n gekwalifiseerde marinebioloog is, versorg. Sodra die kleintjies 'n paar maande oud is, kan hotelgaste hulle na die see terugdra, saam met hulle uitswem en hulle uitstuur op wat hopelik 'n suksesvolle lewensreis gaan wees.

Afstanddoening: Kate Turkington het met Airlink, wat een keer per week 'n direkte vlug van Johannesburg na Nosy Bee onderneem, as haar gasheer na Madagaskar gevlieg: flyairlink.com, Vanila Hotel & Spa: vanila-hotel.com en nosybe-original.com, Constance Tsarabanjina: tsarabanjina.com asook Destinationsabuzz.co.za en originblu.com.

[Bron: https://www.traveller24.com/Explore/Islands/madagascar-the-wild-one-20161106]

Kopiereg voorbehou